


# TOULEIER



Hallo julle, die natuur het darem maar mooi inkleurpotlode nè? Ek wonder of een van julle al hierdie bergreeks van naby aanskou het! Maar, so van berge gepraat, en spesifiek van daai blou blou berge watnog so ver lê, was ek nog laas maand besig om te vertel van ek en kamermaatjie se inval in Lesotho. Lesotho, hoofstuk een van my boek, waar ons tweetjies ons eerste ses jaar in die buiteland deurgemaak het. Min het verander. Die bevolking bly brandarm. Hier en daar 'n spoggerige ordentlike huis met enorme staal hekke as statussimbool maar steeds omring deur rooibruin klei en klip rondawels met grasdakke en die volgende generasie beeswagtertjie agter elke bos en klip. Opvallend die keer egter was dat hulle ook byval begin vind het met die Uber konsep. Die minibusse het verminder weens die groot mededinging met 'n horde kleiner voertuie wat almal dieselfde lyk en wat die mense oor kort afstande heen en weer karwei. Ja, ja, ja, ek weet dis eintlik maar net die huurmotor vlootkonsep wat mens in alle groot stede kry wat nou eers begin blom in die platteland van hierdie koninkryk in die berge.

Verder het dinge maar net dieselfde gebly. Butha Buthe was besig. Mens moet baie stadig ry, en uitkyk vir slaggate, minder as wat ons in Suid Afrika het. Daar sluit ons aan by die hoofroete Noord en ry deur verskeie klein dorpies soos ons stelselmatig hoogte begin kry.

Soos ons in die Malutis in beweeg klim ons deur die pragtige gekerfde en gekleurde sandsteen lae soos mens ook in Clarence se wêreld kry.

Dan verdonker die gesteentes na die grys en swart lawa met hul amper vertikale kranse wat die hoogtes in toorn en die skerp puntige ruggens van die drake in die berge vorm.


Amper bo, kom ons skielik op 'n verkeersknoop af. Ons is die derde of vierdie voertuig wat agter 'n tenker stop wat in 'n haarnaalddraai loop staan het.

Dis nog vroeg middag maar ek stress al klaar. Hier is ons in die middel van nêrens en kan nie vorentoe nie. Waar gaan ons slaap? Hoe lank gaan dit neem om die tenker weer aan die gang te kry? Iemand verduidelik darem dat die ding se wiele begin gly het omdat hy te skerp moes draai. Hulle wag vir nog 'n lorrie om te kom help trek. Na sowat anderhalfuur kry ons weer ons ry en groot was die verligting toe ons die hoogste punt bereik waar mens aan die wolke kan raak as jy jou hand sou uitsteek. Soos die bordjie op die foto beaam was dit los oor die 3000 meter bo seespieël. Nog 'n slag was ons op die dak van Afrika! Daar waar die lammergeier lui lui, nog verder bokant jou draai



# Dié Maand se Giggels







MERAAI SÊ VIR GATIEP: "DJY MOENIE DINK DJY SAL BY DIE HEMEL SE HEK KAN INGAAN AS DJOU ASEM SO NA DRANK STINK NIE! GATIEP: "DJA MERAAI, DJY HOU VIR DJOU BAIE SLIM NÊ, MAAR DAAR IS 'N 'TECHNICAL POINT' VAN HEMEL TOE GAT WAT DJY NIE VAN WETIE. MYSE ASEM GATIE SAMIE, EK BLAAS HOM MOS HIER YT!!"




MOENIE TE VEEL PAASHASE EET NIE...

JY GAAN LINDT WURMS KRY.




# BRIEWE VAN LESERS

Liewe Hennie,

Ek sit juis en kyk op YouTube hoe **Noraly van itchyboots**, Sani Pas aandurf toe jy bel. Die mens wat die wêreld vol reis met haar motorfiets op die agterpaaie van die wêreld erken dit is die slegste van slegte paaie. Ons is 'n ruk terug met 'n 4x4 daar uit. Glo my ek was dankbaar vir die digte mis wat toe die afgronde verberg het. Saam met Noraly geniet ek nou die groen hange en deinende heuwels van die pas. Vandat ons hierdie video van haar ontdek het, besef mens jy sal die “wanderlust” seker nooit afskud nie. Van al die plekke in Suid-Afrika waar e al was, het ek nog nooit die Wildekus besoek nie. Wat het ek nie gemis nie. Sy maak kontak met die Xhosas, ontmoet 'n medisyne man en sy sjarmante assistent, Kry histeriese bewondering van die vroue en meisies langs die pad, wys vir die wat belangstel hoe werk haar fiets.  Hierdie Hollander hou nie op om elke berg wat sy sien te prys nie.(Hoe plat is die Nederlande?) Wel, sy is 'n afgetrede geoloog en lig mens in oor talle wonders van die land wat mens misgekyk het. As jy wil sien wat vang hierdie jeukstewels aan, gaan soek op **YouTube itchyboots season 5** vir die toer deur Suid-Afrika en die res van die kontinent. (Miskien is hier 'n leser wat wil uitbrei oor haar Honda. Sy wys in haar video's hoe die motorfiets in Johannesburg koop en self langs die pad daaraan werk.)

Groete, Barbipot - Slaapstad








Mev. Van der Merwe bel die dokter op 'n Sondagoggend. "Kan dokter asseblief vanoggend na die tweelingbabas kom kyk? Nee, nie na kerk nie, dokter, sommer nou! Ek is radeloos en ek is op soos ou sokkies."

Nou ja, dan moet die familie maar weer sonder hom kerk toe en hy gaan die babas sien. Die mamma is gedaan van die kleintjies se onophoudelike gehuil.

Behalwe koliek, is die tweetjies gesond en makeer niks.

"Susan, ek skrywe vir hulle 'n kalmeermiddel voor."

"Nee jong, nie 'n dêm vir hulle – vir my!"

Op 'n ander geleentheid is hy ook uitgeroep na 'n tweeling. Dié keer was dit winter en die kapok het dik gelê op die Suurberge. Die twee babas is prematuur gebore en plaas toe geneem in twee kartondose. Hy moes kom omdat die babas dag en nag huil van die koliek. Geen raad wou werk nie.

In die slaapkamer vind hy pa en ma elkeen met 'n skreeuende baba in die arms.

Almal wat al 'n koliekbaba grootgemaak het, sal begrip hê vir die pa wat by dokter se instap sê:

"Dokter, ek wens ek vrek!"




# NOG N PAAR GIGGELS

Die hasie kom by vark wat vreeslik sit en huil. Hoekom huil jy so, vark?
Vark snik en sê hy is moeg daarvoor dat mense lelik van hom praat. As jy lelik eet, sê hulle jy eet soos 'n vark.
As jy vuil is, sê hulle jy is so vuil soos 'n vark.
As jy lelik praat, sê hulle jy is varkerig.
Eks moeg daarvan dat almal so lelik met my is.
Hasie kyk hom so in sy ogies, sit sy handjie op varkie se skouer, en sê...... Die varke!!! 😆😆















POEDINGS
POEDINGS
POEDINGS




Liewe vriende,
Die volgende paar uitgawes griffel ek geen briefie nie, want hierdie bydraes spreek vanself! Ek deel graag oor die volgende klompie maande, hierdie oulike paar poeding resepte wat ek op Facebook gekry het! Te oulik om nie te deel nie! Kyk asseblief regs onder aan die resep, die stuitige opmerking van die een wat dit op Bakkiesboek geplaas het.

Nogal van toepassing op baie van ons!

Mooi groetes tot volgende keer,

*Retha* van Bettiesbaai



# Malvapoeding

Deeg:
2 eiers ( by kamertemperatuur )
210 g. strooisuiker ( 250 ml.)
15 ml. appelkooskonfyt.
150 g. koekmeelblom ( 315 ml.)
knippie sout.
5 ml. koeksoda.
30 ml. botter.
5 ml. asyn.
125 ml. melk.

Sous.
250 ml. room.
100 g. suiker.( 125 ml.)
100 g. botter. 125 ml.
Suid-Afrikaanse Brandewyn.

Klits eiers en strooisuiker deeglik saam tot lig en donsig.
Klits appelkooskonfyt by.
Sif droë bestanddele 3 maal saam. Smelt botter en voeg by asyn en melk.
Vou droë bestanddele beurtelings met melkmengsel by eiermengsel in.
Giet beslag in middelslag-gesmeerde oondvaste skottel.
Bak in voorverhitte oond teen 180 Grade C vir sowat 45 minute.

Berei sous: Smelt sousbestanddele saam en giet bo-oor poeding sodra dit uit die oond kom.
Steek gaatjies in poeding met vurk om sous te help intrek.
Dien warm op saam met room.

Self Sufficiency vir n Arm Gat




Ene Campion, vertel Hofmeyr, het die rol van hoofbode aangeneem. Hy was lank en regop met patrisiese kenmerke en 'n indrukwekkende teenwoordigheid. Vreemdelinge in die gang sou dadelik aanneem dat hy een van die regters was. Die bodes het die nabygeleë kroeg, die Dromedaris, besoek, waar Campion blykbaar die gewoonte gehad het om sy luisteraars te vermaak met stories van wat in die hof gebeur het, ongetwyfeld gepas versier of gedramatiseer. By een geleentheid toe ‘n besoekende regter die kroeg besoek het vir 'n drankie, het een van die drinkers gesê: "So jy moet onder Vic Campion wees", die implikasie was dat Campion as 'n regter beskou word.

Die hooffunksie van die bodes was egter om die regter in die hof in te lei en met volle stem te verkondig: "Stilte in die hof!" en, wanneer die hof verdaag het, om die deur van die hof oop te maak en die regter terug te begelei na sy kamers. Die oudste bode was ene Whelan wat beslis sy vervaldatum verby was teen die tyd dat Hofmeyr in 1956 in die hof aangekom het. Hy sou gereeld tydens die verrigtinge sluimer, sodat wanneer die regter verdaag het, die regter se registrateur Whelan se rol moes aanvaar en die regter uit die hof moes begelei. Die regters se registrateurs was altyd bekommerd dat Whelan tydens die verrigtinge in 'n verwarde toestand sou wakker word en "Stilte in die hof" sou skree! Sommige meen dat dit 'n vrees was wat voortspruit uit 'n werklike gebeurtenis.

Whelan was 'n bode toe sir Malcolm Searles regterpresident was. Die praktyk toe (en daarna) was dat as jy in die gang was toe 'n regter na die hof verwerk het, jy nie jou reis voortgesit het nie, maar respekvol eenkant teen die muur van die gang gestaan het, terwyl die regter majestueus na die hof voortgegaan het. By een geleentheid was Sir Malcolm besig om hof toe te gaan toe Whelan in die gang was met 'n sigaret in sy hand.

Whelan het dadelik teen die muur geleun en die sigaret agter sy rug verberg. Whelan kon natuurlik niks doen aan die feit dat rook opstyg nie. Sir Malcolm het die rookwolk agter Whelan se skouer sien opstyg. Whelan is daarop deur Sir Malcolm gewaarsku dat as hy ooit weer in die gang rook, hy ontslaan sou word. Een Vrydagoggend het dit weer gebeur en Sir Malcolm het Whelan ter plaatse ontslaan. Whelan het sy mede-bodes totsiens gesê en huis toe gegaan om oor sy toekoms na te dink. Daardie aand, soos sy gewoonte was, het Sir Malcolm die trein van 5 nm by die Kaapstad-stasie gehaal op pad na sy huis in Kenilworth (hierdie manjifieke opstal staan vandag nog). Die jaar was 1926 en daardie aand het die groot Soutrivier-treinongeluk plaasgevind. Die naweekkoerante was vol nuus van die ramp, meer spesifiek dat Sir Malcolm een van diegene was wat dood is. Die volgende Maandagoggend het Whelan vir werk aangemeld en lakonies aangekondig "jy sien, niemand fok met my nie!" In die laat 1970's was daar nog 'n ewig slapende bode, wat wakker geskrik toe hy die bevel kry om die verweerder in die hof in te bring. Vir daardie doel het hy 'n afskrif van die boonste bladsy in die hoflêer, in die geval 'n skikkingsakte, gekry. Vir 'n paar minute kon gehoor word hoe die bode deur die gange buite hof vyf (die ou biblioteek) dwaal en roep in stentoriaanse terme: "Akte van Dading! Akte van Dading". Uiteindelik het hy by 'n reeds stuiptrekkende hof aangemeld terwyl juniors in die gange rol: "*die verweerder is in versuim om te verskyn, Edelagbare".* Selfs suurgat Burger het 'n skaarse, winterse glimlag getoon.

Hierdie bode se naam is in die vergetelheid verlore, want vir ewig was hy bekend as *Akte van Dading*.

# SPREEKWOORDELIKS

## ‘Spreuke, Spreekwoorde en Idiome.’

Een bevat altyd ‘n sedeles, die ander ‘n stukkie waarheid of wysheid en die derde een het ‘n dieper betekenis by die waarheid. Besluit jy watter een is watter: Die maand – I en J

**Iepekonders:** Iepekonders hê (jou gedurig verbeel dat jy siek is, terwyl jy niks makeer nie)

In Grieks was die borskraakbeen die "xondros". Dit is die plek voor waar die ribbes se kraakbeen bymekaar kom. Soms het 'n mens so 'n vae ongemak hier by die borsbeen rond wat afgemaak word as so 'n hol kol op die maag. Vroeër eeue is daar gedink dat daardie kol die setel van talle siektes was. As iemand dus so 'n vae hol kol het wat nie medies diagnoseerbaar is nie, word dit as hypochondria beskryf, met die hypo-deel wat "onder" beteken. Die "siektegevoel" is dus onder die borsbeen. Dit is later in Afrikaans vervorm tot iepekonders.

**Jan:** Liewer bang Jan as dooie Jan (liewer lafhartig as dood)

Die Nederlandse uitdrukking van die vroeë 18de eeu was *beter bloode Jan as doode Jan*. Die blood het beteken "nie vrymoedig nie, beskroom, beskaamd, teruggetrokke". In Afrikaans het die bloode se betekenis vergete geraak toe die Nederlandse invloed afgeneem het en het ons voorouers dit verander in bang - 'n woord wat bekend was.

**Jan:** Jan Rap en sy maat (almal)
Jan Rap was vroeër ook Jan Rappig, wat "skurf, vuil: beteken het.

**Jan:** Jan Salie ('n sukkelaar)
Die naam is ontleen aan die flou, effens soet smaak van melk waarin salie gekook is. Reeds in die 17de eeu was die naam vir 'n sukkelaar bekend.

**Jood**: ’n Wandelende Jood (iemand wat gedurig aan die loop of reis is)

Die Wandelende Jood is die sentrale figuur in die laat-Middeleeuse legende wat vertel van 'n Jood deur wie Christus weggewys is toe Hy die kruis na Golgota gedra het. Die Jood is as gevolg daarvan veroordeel om oor die wêreld te swerf totdat Christus weer sou kom.
Een weergawe is dat die Jood 'n skoenmaker met die naam Ahasveros was. Hy het geweier dat Jesus voor sy deur rus. Volgens die oorlewering sou Christus gesê het: Dis goed so – Ek gaan gou hier weg, maar jy sal hier bly totdat Ek weer kom.





# AGTEROS

## Net voor uitspantyd




# TRANE

Ons is al in die motor, toe val dit Oupa by hy het sy trane in die huis vergeet. "In die badkamer, ou seuna. Op die vensterbank. Die wit botteltjie," se hy. "Gaan kry dit gou vir jou oupa. Jou oupa se oë is aan die brand."
Ek klim weer uit die motor, stap in die tuinpaadjie af, op met die rooi stoeptrappie. Die voordeur is oop want wat sal dit tog nou help om te sluit? Oupa se huis, hier waar hy die laaste vier en dertig jaar gewoon het, is leeg. Die meubels is al weg ouetehuis toe en die goed waarvoor daar nie plek was nie is tussen die kinders en ons kleinkinders verdeel.
Die wit botteltjie is presies waar Oupa gesê het: op die vensterbank in die badkamer. Artificial Tears staan in fyn lettertjies daarop. Kunsmatige trane. Die oogspesialis het dit vir Oupa voorskryf toe hy begin kla het sy oë brand aanhoudend. (Dis glo 'n algemene oumens-kwaal: die traankliere droog op, die oë word branderig.)

Terug in die motor vat Oupa die botteltjie gulsig by my, gooi sy kop terug en drup in elke oog. Hy knip en knip sy oë en bring sy kop weer regop. "So ja," se hy. "Dis beter. Nou kan ons maar ry." Ek ry by die hek uit, links in 4de Straat, verby die China Shop, verby Spar. In die truspieëltjie sien ek Stompie lê steeds stil op die agtersitplek, opgekrul in 'n bondel, sy ou grys ore slap langs sy kop.

Ek oorweeg dit vir 'n oomblik om die radio aan te skakel maar ek doen dit nie. Stilte is al wat nou reg sal klink.
"Moet ons nie eerder dat die veearts dit doen nie, hé, Oupa?" vra ek vir die soveelste keer. Uit die hoek van my oog sien ek hoe hy op sy tande byt-byt. "Ry net, ou seuna," se hy. "Ry." Die dorpskamp is so 'n kilometer buite die dorp, 'n mooi stuk Bosveld met 'n klipkoppie en 'n toegegroeide landingstrook wat nou die townshipbokke se weiplek is.
Ek ry deur die hek en hou onder 'n mopanie stil. Die son lê al laag op die vlakte. Ek klim uit, haal die graaf uit die kattebak en begin 'n gat in die rooi grond onder die boom grawe.



Oupa maak die agterdeur oop en roep na Stompie.
Maar Stompie spring nie uit nie. Dit lyk asof Oupa alles in slow motion doen. Hy buk in en tel die geweersak tussen die sitplekke op, wikkel die sak se ritssluiter oop, trek die .22 uit die sak en lig Stompie met die ander arm van die sitplek af.
Die gat is nou diep genoeg. Ek stut die graaf teen die boom en gaan sit eenkant op 'n stomp met my rug na die gat toe. Ek kyk net een keer om — toe Oupa Stompie in die gat neersit. Toe hoor ek hoe die .22 se slot oopskuif en weer toeskuif.

Toe is daar stilte.
Oupa mompel iets wat ek nie kan hoor nie.

Toe is daar 'n skoot.
En 'n lang stilte.

Toe die geskraap van die graaf op die grond. 'n Ruk later kom sit Oupa langs my op die stomp. "Jy het nog baie om te leer, ou seuna," se hy terwyl hy die wit botteltjie weer uit sy sak haal.

TOT VOLGENDE MAAND!